**SONDAG 28 Jul 2002**
**NG KERK POTCHEFSTROOM-SUID**
**AANDDIENS**

# LITURGIE

| WIE | WAT | DETAIL | BORD/MUSIEK |
|---|---|---|---|
| | Lof-en-aanbidding | | |
| | Gebed | | |
| Hannes | Lof en aanbidding | Blessed be the Name of the Lord (1-3)<br>Juig al wat leef (1-4) - soos Jannie dit gesing het (p31 in sangbundel)<br>Ancient of days (2x)<br>My life is in You Lord (1-3)<br>Shout to the Lord (2x)<br>Ek weet, ek weet verseker (2x)<br>Ons aanvaar jou & Yes we love you (JR41)<br>Ek hardloop vir Jesus (1-3)<br>Ek lewe (1-2)<br>Here, God almagtig (1-2) | |
| | Voorlesing | | |
| | Gebed | | |
| Liturg | Skriflesing | 1 Tess 5:20-22 (Verskeie ander) | Skrif |
| Liturg | Preek | Bybelse perspektiewe op Harry Potter | Skrif |
| Almal | Gebede | | |
| Diakens | Offergawe | | |
| Liturg | Afkondigings | | Afkondig |
| Hannes | Liedere | | |
| | Seën | | |

Ons begin stiptelik om 16:30 oefen. Die wat papiere en dinge wil regkry, kan dit doen tussen 16:00 en 16:30. Ek sal reeds om 16:00 die kerk oopsluit. Ons verloor te veel tyd met die vooraf dinge, en dan is daar nie behoorlik tyd om saam te bid voor die tyd nie. Daarom begin ons oefening van vandag af stiptelik om 16:30.

# PREEKSKETS

BAIE VERSKILLENDE STANDPUNTE (Brille)

- The British Christianity magazine praised the series (http://www.crossroad.to/text/articles/Harry&Witchcraft.htm)
- Christian Century (12-1-99) editorial, "Wizards and Muggles," states,

> "Rowling is not the first fantasy writer to be attacked by conservative Christians. Even the explicitly Christian writer Madeleine L'Engle has taken heat for the 'magic' elements in A Wrinkle in Time. Such critics are right in thinking that fantasy writing is powerful and needs to be taken seriously. But we strongly doubt that it fosters an attachment to evil powers. Harry's world, in any case, is a moral one."

Dominee in Holland hou Harry-Potter preek

> *UTRECHT/GRONINGEN - 11/01/02 - De avonturen van Harry Potter hebben de gereformeerde predikant dr. J. Ridderbos geïnspireerd tot het organiseren van een Harry Potter-kerkdienst. ,,De film is een goede manier om het bijbelverhaal opnieuw uit te leggen", vindt de predikant in Haren.*
>
> Ridderbos zal zondag tijdens de dienst in de Gorechtkerk spreken over de parallellen tussen de Harry Potter-film en bijbelse verhalen. Die zijn talrijk, zei de Groningse predikant vrijdag. ,,De film begint met een variant op het driekoningenverhaal, er komt ook een sprekende slang in voor en net als de jonge Jezus is Harry Potter een onderdanige jongen."
>
> De belangrijkste parallel tussen de film en het levensverhaal van Jezus is volgens Ridderbos de les dat geen enkel overwinning kosteloos wordt behaald. ,,Harry Potter houdt aan zijn eerste ontmoeting met het kwaad een litteken over dat pijn blijft doen. Aan elke overwinning hangt een prijskaartje, dat wil ik de gemeente voorhouden."
>
> De predikant heeft voor de dienst een tovenaarshoed geleend en moedigt kinderen aan hun Harry Potter-kleren mee te nemen. Ridderbos vindt de dienst geen pr-stunt om mensen naar de kerk te trekken. ,,Ik probeer integer om te gaan met zowel het filmverhaal als de bijbel. Ik zie Harry Potter als een nieuw verhaal dat ons kan helpen het oude verhaal te begrijpen."

Ander: Totale afkeur:

- Joseph Chambers: werk van Antichris (http://www.pawcreek.org/Harry%20Potter.htm)
- Crossroads: Harry Potter lei kinders na toodery/heksery (http://www.crossroad.to/text/articles/Harry&Witchcraft.htm)
- Betty Bowers: A $7 ticket straight to hell (http://www.bettybowers.com/harrypotter.html)
- Magdom briewe in kerklike tydskrifte om beswaar te maak teen Harry Potter.

## My doel vanaand:

- Nie om te probeer om alle vrae te antwoord nie (want ek het nie al die antwoorde nie)
- Nie om te probeer om almal te lei om dieselfde daaroor te dink nie (dit is onmoontlik en dit is ook nie die ideaal nie)

My doel is om ‘n klompie Bybelse agtergrond te gee waarvolgens elke ouer dit self kan gaan beoordeel.

## TOORDERY: REDELIK ALGEMEEN IN ANTIEKE TYE

**Ou Testament:**

Gen 41:8 [8] Dié môre was sy gees onrustig, en hy het al die towenaars en al die wyse manne van Egipte laat roep; en Farao het aan hulle sy droom vertel, maar niemand kon dit aan Farao uitlê nie.

Eks 7:[10] Toe Moses en Aäron by die farao kom, het hulle gedoen wat die Here beveel het: Aäron het sy kierie voor die farao en sy amptenare neergegooi en dit het in 'n groot slang verander. [11] Die farao roep toe ook sy manne bymekaar wat dié soort ding ken, sy goëlaars. Dié Egiptiese towenaars doen toe met hulle towerkunste presies dieselfde: [12] soos elkeen sy kierie neergooi, verander dit in 'n groot slang.

Deut 18:9-14 [9] "Wanneer jy in die land kom wat die Here jou God vir jou sal gee, moet jy nie die afskuwelike praktyke van daardie nasies aanleer nie. [10] Daar mag nie iemand by jou wees wat sy seun of dogter as offer laat verbrand nie. Daar mag nie 'n besweerder by jou wees nie en ook nie 'n towenaar of iemand wat voortekens lees of 'n goëlaar [11] of 'n slangbesweerder of iemand wat geeste om inligting vra en dooies raadpleeg nie. [12] Die Here het 'n afsku van elkeen wat hierdie soort ding doen. Trouens, dit is juis oor die afskuwelike praktyke van die Kanaäniete dat die Here jou God hulle in jou belang gaan verdryf. [13] Jy moet opreg wees voor die Here jou God. [14] Hierdie nasies wat jy gaan verdryf, luister na towenaars en besweerders. Maar die Here jou God verbied jou om dit te doen."

**Nuwe Testament:**

Hand 13:[6] En hulle het die eiland deurgegaan tot by Pafos en 'n towenaar gevind, 'n valse profeet, 'n Jood met die naam van Bar-Jesus.

Hand 8: Simon die towenaar

**Skokkende nuus:**

Dan 4:9 [9] "Ek het vir hom gesê: Beltsasar, hoof van die towenaars, ek weet dat die gees van die heilige gode in jou is en dat geen geheim vir jou onverklaarbaar is nie.

Dan 5:11 U voorganger, koning Nebukadnesar self, het hom aangestel as hoof van die towenaars, die voorspellers, die sterrekykers en die besweerders.

## TOWERY: VERBIED IN BYBEL

Deut 18:[9] "Wanneer jy in die land kom wat die Here jou God vir jou sal gee, moet jy nie die afskuwelike praktyke van daardie nasies aanleer nie. [10] Daar mag nie iemand by jou wees wat sy seun of dogter as offer laat verbrand nie. Daar mag nie 'n besweerder by jou wees nie en ook nie 'n towenaar of iemand wat voortekens lees of 'n goëlaar [11] of 'n slangbesweerder of iemand wat geeste om inligting vra en dooies raadpleeg nie. [12] Die Here het 'n afsku van elkeen wat hierdie soort ding doen. Trouens, dit is juis oor die afskuwelike praktyke van die Kanaäniete dat die Here jou God hulle in jou belang gaan verdryf. [13] Jy moet opreg wees voor die Here jou God. [14] Hierdie nasies wat jy gaan verdryf, luister na towenaars en besweerders. Maar die Here jou God verbied jou om dit te doen."

Lev 33:[26] "Julle mag nie aan heidense offermaaltye deelneem nie. Julle mag nie waarsêery en towery beoefen nie.

## STAAN NOOIT OP EIE - DEEL VAN HELE PROSES VAN AFGODERY

Deut 18:9

- Israel maak gereed om die land in te trek
- Die land word beset deur heidene.
- Mense wat allerhande afgode aanbid.
- Dooie gode.
- Wanneer hulle onseker is oor die toekoms, gaan sien hulle 'n fortuinverteller.
- Wanneer hulle nie weet watter kant toe nie, roep hulle die gees van 'n dooie op. (Saul)
- Dit was nie al nie.
- Daar was ook ander praktyke:
    - tempelprostitusie
    - offer van kinders
    - bou van afgodsbeelde
- Nou waarsku die Here Sy volk:
    - As julle in hierdie land in gaan, mag julle nie die dinge doen wat die heidene doen nie.
    - Julle mag nie afgode aanbid nie.
    - Julle mag nie deelneem aan tempelprostitusie nie.
    - Julle mag ook nie julle wend na towenaars en goëlaars nie.
- Hoekom: want Ek alleen is julle God.

2 Kron 33:Manasse was twaalf toe hy koning geword het en het vyf en vyftig jaar in Jerusalem geregeer. 2 Hy het gedoen wat verkeerd is in die oë van die Here en het die afskuwelike optrede van die heidennasies nagevolg wat deur die Here verdryf is om vir die Israeliete plek te maak. 3 Hy het die hoogtes wat deur Hiskia, sy pa, verwoes is, weer opgebou, altare vir die Baäls opgerig, gewyde pale gemaak, voor al die hemelliggame gebuig en hulle gedien. 4 Hy het selfs afgodsaltare gebou in die huis van die Here, die plek waarvan die Here gesê het: “My Naam sal altyd in Jerusalem wees.” 5 In die twee voorhowe van die huis van die Here het hy altare vir al die hemelliggame gebou. 6 Hy het sy eie seuns in die Ben-Hinnomdal as offers verbrand, hom besig gehou met goëlery, waarsêery en toordery, en meegedoen aan die oproep en raadpleging van geeste. Hy het gruwelik verkeerd gedoen in die oë van die Here en Hom uitgetart. 7 Die afgodsbeeld wat hy laat maak het, het hy opgestel binne-in die tempel...

Jer 27:9 9 Julle moenie luister na julle profete, julle besweerders, julle droomuitlêers, julle towenaars, julle goëlaars wat vir julle sê om nie die koning van Babel te dien nie.

Dus:

- Toordery was nie 'n vorm van vermaaklikheid nie.
- Dit was 'n vorm van aanbidding.
- Dit was deel van die heidene se sisteem om die gode te raadpleeg.
- U moet onthou: hulle het dooie gode aanbid.
- Dit het nie gehelp dat jy vir hom iets vra nie - hy kon niks doen nie.
- Dit was die heidene se manier om die werklikheid te verander.

En spesifiek daarom is dit verbied.

En daarom:

- Towery is vandag nog steeds net so verkeerd.
- Dit is verkeerd om by toordery betrokke te raak.
- Dit sou verkeerd wees om te probeer om die dinge te doen wat Harry Potter doen.
- Dit sou verkeerd wees om Glasie-glasie te speel.
- Dit is verkeerd om Tarot-kaarte te lees.
- Dis verkeerd om "die sterre voorspel" te lees.
- Dis verkeerd om 'n "fortuinverteller" te besoek.

# SONDE SOOS ALLE ANDER SONDES - NIE VERBIND AAN OKKULTE

Lev 33: Die Here het vir Moses gesê: [2] “Praat met die hele gemeente Israel en sê vir hulle: Wees heilig, want Ek
die Here julle God is heilig. [3] Elkeen van julle moet eerbied hê vir sy ma en sy pa. Julle moet my gebooie oor die
sabbat gehoorsaam. Ek is die Here julle God. [4] Julle mag nie afgode dien nie en julle mag nie vir julle
afgodsbeelde maak nie. Ek is die Here julle God. [5] “Wanneer julle ’n maaltydoffer vir My, die Here, slag, moet
julle dit so doen dat julle vir My aanneemlik is: [6] julle moet die vleis eet op die dag wanneer julle slag, of
hoogstens die volgende dag. Wat oorbly tot die derde dag, moet verbrand word. [7] Wie daarvan op die derde dag
eet, eet iets onreins. Dit is nie vir My aanneemlik nie. [8] Wie daarvan eet, is skuldig, want hy ontheilig wat aan die
Here gewy is. So iemand sal van sy volksgenote afgesny word. [9] “Wanneer julle julle lande afoes, moet julle nie
die wenakkers afoes nie en ook nie die are wat bly lê, agterna optel nie. [10] Julle moet ook nie die wingerde ’n
tweede keer oes of die korrels wat val, optel nie. Laat dit alles bly vir die armes en die vreemdelinge. Ek is die
Here julle God.
[11] “Julle mag nie steel nie en julle mag nie lieg of mekaar bedrieg nie. [12] Julle mag nie ’n vals eed aflê in my Naam
en so die Naam van julle God ontheilig nie. Ek is die Here. [13] “Jy mag nie jou naaste uitbuit of hom beroof nie. Jy
mag nie ’n dagloner se loon terughou tot die volgende dag nie. [14] Uit eerbied vir jou God mag jy nie ’n dowe vloek
of ’n hindernis in die pad van ’n blinde lê nie. Ek is die Here. [15] “Jy mag nie onregverdig wees in die regspraak nie:
jy mag nie partydig wees vir dié wat geen aansien het nie of die vooraanstaande bevoordeel nie. Oordeel regverdig
oor jou naaste. [16] Jy mag nie loop en skinder nie, jy mag nie jou medemens se lewe in gevaar stel nie. Ek is die Here.
[17] “Jy mag nie haatdraend wees teenoor jou volksgenoot nie. Maak die geskil openlik met hom uit, moenie wat hy
verkeerd gedoen het, teen hom bly hou nie. [18] Jy mag nie wraak neem of ’n grief koester teenoor jou volksgenoot
nie, jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Ek is die Here.
[19] “Julle moet my voorskrifte gehoorsaam. Moenie verskillende soorte diere kruis of verskillende soorte saad in
een land saai of ’n kledingstuk van verskillende soorte materiaal dra nie. [20] “Wanneer die eienaar van ’n slavin reeds
’n ooreenkoms aangegaan het waarvolgens iemand anders haar as byvrou koop, en die eienaar het met haar
gemeenskap voordat die prys betaal is en voordat hy van haar afstand gedoen het, moet hy aan die toekomstige
eienaar skadevergoeding betaal. Hulle mag nie die doodstraf opgelê word nie, want hy het nog beskikkingsreg oor
haar. [21] Verder moet hy as skuldoffer vir die Here ’n ram bring na die ingang van die tent van ontmoeting toe. [22] Die
priester moet met die skuldofferram vir die eienaar van die slavin versoening doen by die Here oor die sonde wat
gedoen is. Die sonde sal dan vergewe word. [23] “Wanneer julle julle in die land vestig en allerhande soorte vrugtebome
plant, mag julle drie jaar lank glad nie die vrugte pluk nie. Die vrugte is vir julle verbode. Dit mag nie geëet word
nie. [24] Die vierde jaar moet al die vrugte as ’n gawe van dankbaarheid aan die Here gewy word. [25] Van die vyfde jaar
af mag julle die vrugte gebruik. Julle sal dan goeie opbrengste hê. Ek is die Here julle God. [26] “Julle mag nie aan
heidense offermaaltye deelneem nie. Julle mag nie waarsêery en towery beoefen nie. [21566] Julle mag nie heidense
rougebruike navolg deur die hare voor die ore en die wangbaard te knip of deur snye en tatoeëermerke op julle
liggame te maak nie. Ek is die Here. [29] “Niemand van julle mag sy dogter die skande aandoen om haar ’n
tempelprostituut te laat word nie. Dit lei tot hoerery en afskuwelike sondes in die land.
[30] Julle moet my gebooie oor die sabbat gehoorsaam en eerbied hê vir my heiligdom. Ek is die Here. [31] Moenie
hulp soek by geeste of waarsêers nie. Dit sal julle onrein maak. Ek is die Here julle God. [32] “Uit eerbied vir jou
God moet jy eerbied bewys aan oumense en hulle met respek behandel. Ek is die Here. [33] “Wanneer daar ’n
vreemdeling by julle in julle land woon, mag julle hom nie onderdruk nie. [34] Julle moet hom soos ’n medeburger
behandel en hom liefhê soos julleself. Julle was immers self ook vreemdelinge in Egipte. Ek is die Here julle God.
[35] “Julle mag nie bedrog pleeg wanneer julle meet of weeg of inhoud bepaal nie. [36] Julle moet ’n betroubare skaal
en die regte gewigte en inhoudsmate gebruik. Ek is die Here julle God wat julle uit Egipte laat wegtrek het. [37]
Gehoorsaam al my voorskrifte en bepalings en leef daarvolgens. Ek is die Here.”

Openb 9:[20] Die ander mense, wat nie deur hierdie plae doodgemaak is nie, het hulle egter nie bekeer nie. Hulle
het aangehou met die aanbidding van bose geeste en van afgode wat hulle self gemaak het van goud, silwer,
koper, klip en hout, en wat nie kan sien of hoor of loop nie. [21] Hulle het hulle ook nie daarvan bekeer om moord,
towery, onsedelikheid en diefstal te pleeg nie.

Mal 3:Ek sal sonder versuim regspreek teen dié wat hulle met toordery ophou, teen die egbrekers en dié wat vals ede aflê, teen dié wat die dagloner te kort doen, die weduwee en die weeskind veronreg en die vreemdeling verdring, teen dié wat nie vir My eerbied het nie, sê die Here die Almagtige.

Dus:
Ons maak 'n fout as ons dit op 'n hoër troontjie plaas as ander sondes.

## BAIE (GEWONE) MENSE WAS SKULDIG HIERAAN

Num 24:1 TOE **Bíleam** sien dat dit goed was in die oë van die HERE om Israel te seën, het hy hom nie soos die vorige kere tot towery gewend nie, maar sy gesig na die woestyn gedraai.

Hand 8:9 [9] In dieselfde stad was daar 'n man met die naam **Simon**, wat die **inwoners van Samaria** met sy toorkunste verstom het. Hy het daarop aanspraak gemaak dat hy iets besonders is, [10] en almal, klein en groot, het hom aangehang. Hulle het gesê: "Hy is wat ons 'Die Groot Krag van God' noem." [11] Hy het 'n aanhang onder hulle gekry omdat hy hulle oor 'n lang tydperk met sy toorkunste verstom het.

Hand 19:19 [19] **Heelparty van die mense wat toorkunste beoefen het**, het hulle boeke gebring en voor almal verbrand. Hulle het die waarde daarvan bereken en gevind dat dit vyftig duisend silwermuntstukke werd was. [20] So het die woord van die Here sy krag getoon en al hoe verder versprei.

## GOD IS STERKER AS DIE TOWENAARS

Gal 5:[19] Die praktyke van die sondige natuur is algemeen bekend: onsedelikheid, onreinheid, losbandigheid, [20] afgodsdiens, towery, vyandskap, haat, naywer, woede, rusies, verdeeldheid, skeuring, [21] afguns, dronkenskap, uitspattigheid en al dergelike dinge.

Num 23:[23] Geen toordery rig iets uit teen Jakob nie, geen waarsêery iets teen Israel nie.

Deut 2:10 [10] Die sterrekykers het die koning geantwoord: "Daar is geen mens op aarde wat aan u eis kan voldoen nie. Geen koning, hoe groot of magtig hy ook mag wees, het dan ook al so iets van enige towenaar, voorspeller of sterrekyker verwag nie.

Eks 7:11 Dié Egiptiese towenaars doen toe met hulle towerkunste presies dieselfde: [12] soos elkeen sy kierie neergooi, verander dit in 'n groot slang. Maar toe sluk Aäron s'n hulle s'n in!

Eks 8:18 [18] Die towenaars het dieselfde probeer doen met hulle towerkunste, dié keer om muggies voort te bring, maar hulle kon nie. Mens en dier was oortrek van die muggies. [19] Toe sê die towenaars vir die farao: "Dit is die vinger van God!"

Eks 9:11 [11] Die towenaars kon Moses dit nie eens probeer nadoen nie, want hulle was vol swere. Die swere het op al die Egiptenaars uitgekom, ook op die towenaars.

Dan 1:19 Toe het hulle in diens van die koning getree. [20] In enige saak wat wysheid en insig vereis het en waaroor die koning hulle uitgevra het, was hulle tien maal beter as al die towenaars en voorspellers in sy hele koninkryk.

Hand 8:13 [13] Selfs Simon het gelowig geword. Hy is gedoop en het Filippus oral vergesel. Hy was verstom oor die groot tekens en kragte wat hy sien gebeur het.

# OPMERKINGS OOR FILM HARRY POTTER
# NEGATIEF IN HARRY POTTER

Kinders blootgestel aan konteks en terme van towenaars (wat vandag baie maklik met die okkulte verbind word)
Realistiese terminologie

# POSITIEF IN HARRY POTTER

Geen sekstonele
Geen vuil taal
Geen misbruik van die Here se Naam
Stryd tussen goed en kwaad: goeie wen
Liefde uitgebeeld as die krag wat alles oorwin.

# HARRY POTTER OPSTELLE

## How the Harry Potter Books Have Changed My Life

**by Ashley M., age 14, Florida**

Until I read the Sorcerer's Stone, books hadn't interested me. Harry was the first fictional character I could relate to which is why these books changed my life. There were amazing similarities between Harry Potter's background and mine. Here was a boy exactly my age who also didn't have a caring family. My mother's neglect put me in foster care for ten years. Even though the Dursley's treated Harry cruelly, he only had one set of foster parents while I moved fourteen times. At one home, I was beaten, forced to swallow hot sauce, run laps in the blistering sun, squat in awkward positions, and food was withheld, I didn't sleep under the stairs, but I did share a claustrophobic room with eight girls. When I was lonely and miserable, I dreamed about magical worlds and fantasized about being rescued by someone like Hagrid.

My life took a magical turn when I went to The Children's Home. Instead of being placed in a Hogwarts house like Gryffindor or Slytherin, I lived in Lyke's Cottage, which competed with five others for a house cup, very much like they do in the books. I wasn't being prepared for a life of wizardry, but I was being prepared to be adopted. Finally, at age 11, I met my new family. Once I wished I had magical powers to end my suffereing, but now I don't need any because I have everything I could have conjured up.

Harry has a lightning scar on his forehead to remind him of his past. There's one on my back to remind me of mine. We're still the same age and we both have more battles to fight, but Harry's pains are make-believe while at last I have real parents who love me.


## *How the Harry Potter Books Have Changed My Life*

**by Ashley M., age 14, Florida**

Until I read the Sorcerer's Stone, books hadn't interested me. Harry was the first fictional character I could relate to which is why these books changed my life. There were amazing similarities between Harry Potter's background and mine. Here was a boy exactly my age who also didn't have a caring family. My mother's neglect put me in foster care for ten years. Even though the Dursley's treated Harry cruelly, he only had one set of foster parents while I moved fourteen times. At one home, I was beaten, forced to swallow hot sauce, run laps in the blistering sun, squat in awkward positions, and food was withheld, I didn't sleep under the stairs, but I did share a claustrophobic room with eight girls. When I was lonely and miserable, I dreamed about magical worlds and fantasized about being rescued by someone like Hagrid.

My life took a magical turn when I went to The Children's Home. Instead of being placed in a Hogwarts house like Gryffindor or Slytherin, I lived in Lyke's Cottage, which competed with five others for a house cup, very much like they do in the books. I wasn't being prepared for a life of wizardry, but I was being prepared to be adopted. Finally, at age 11, I met my new family. Once I wished I had magical powers to end my suffereing, but now I don't need any because I have everything I could have conjured up.

Harry has a lightning scar on his forehead to remind him of his past. There's one on my back to remind me of mine. We're still the same age and we both have more battles to fight, but Harry's pains are make-believe while at last I have real parents who love me.

**How the Harry Potter Books**
**Have Changed My Life**
**by Laura S., age 13, Washington**

One morning, my mother showed me an article in the newspaper Kids like me were asked to write about how the Harry Potter books changed our lives.

Before Harry Potter, I never realized reading could be a life-changing experience. J.K. Rowling introduced me to an extraordinary new world. I have read the Harry Potter books so many times that I have become a more mindful reader. I search for double meanings or things done for more than one reason. When I come across a new word or name, I read it backwards, or look in the dictionary for another meaning. Harry Potter taught me to read again and again, for each time something new appears. For instance, not until several months after finishing Book Three did I realize that Lupin was Latin for wolf!

Being mindful also works for figuring out real life too. There's usually more than one reason why a person does or says something. I search for clues that deepen my understanding.

In Book Four, Sirius Black teaches Harry to "Judge a man by how he treats his inferiors, not his equals." I look at my classmates and respect them by how they treat the kids that are different, not by how "cool" they are.

In Book One, Harry discovers a mirror in which he sees his deceased parents. He is spellbound, and comes back every night to look. One night, Professor Dumbledore is waiting for Harry. He explains that the Mirror of Erised is actually the mirror of desire. It will give him neither knowledge nor truth. Dumbledore tells Harry, "It does not do to dwell on your desires and not to live." When my own life is hard, I think about Dumbledore's advice. Don't sit around wishing for your heart's desire. Do something —— live.

***How the Harry Potter Books***
***Have Changed My Life***

by Michael S., age 13, South Carolina

Harry Potter and J.K. Rowling not only changed my life, they changed my Mom's life too. I've always had a special bond and friendship with my Mom. She taught me how to play ball when I was seven years old so I could be on a team. We shared a lot of special time together, just Mom and me. My Dad was never home because of work. My brother, who is five years older than me, never wanted to spend time with me. I spent most of my time with my Mom. When I was eight years old, she had an accident. She has four ruptured discs in her back and nerve damage in her legs. I felt all alone like Harry Potter. I felt like my Mom had died. She seemed to always be in so much pain and stayed in a bad mood. She also stayed depressed and cried a lot because she couldn't do a lot of things with me anymore. I thought our friendship was over. One day, about a year ago, I started talking about "Harry Potter and The Sorcerer's Stone". I begged Mom to let me read it to her. She said NO, then one day when I asked, she said YES. I crawled next to her in bed that night and read to her. She LOVED the book. Even though she is on a fixed income, she helped me buy the second, third and fourth books. The books made my Mom happy. We started laughing together again. Now we spend a lot more time together reading about Harry Potter and talking about what will happen next. My Mom's accident took her away from me for five years but thanks to the Harry Potter books, my Mom and I are both happy again. Even if I don't win this contest, I already have the greatest gift of all. Because of J.K. Rowling and Harry Potter, I have my best friend back, my MOM.

P.S. My Mom is hoping that Harry will (magically) get his Mom back too. Then he will know the true meaning of a best friend and a mothers love.

## DUBBELE STANDAARDE

Die grootste beswaar teen Harry Potter vanuit die christendom gaan oor die saak van towery:

Hoekom het ons nie altyd so sterk standpunt ingeneem teen towery nie?

- Martino (die kulkunstenaar)
- David Copperfield
- Voorgeskrewe boeke: Mac Beth
- Geskrewe werke deur CS Lewis

Ons weerhou die Harry Potter flieks van kinders omdat dit oor toordery handel.

Tog laat ons hulle toe om films te kyk wat net sulke groot euwels bevat:

- Buite-egtelike verhoudings in sepies
- Films met moord
- Films met diefstal

Ons wil ons kinders beskerm van toordery ens...

- Hoeveel van die ouers wat hier sit het al gaan inloer by 'n fortuinverteller?
- Hoeveel van ons sit elke maand en lees "die sterre voorspel"?

## PERSOONLIKE OPINIE

Harry Potter as fliek bots nie soseer met die Bybel nie, maar met ons eie skemas:

- dat towery (selfs as vermaaklikheid) verbind moet word aan die okkulte.
- dat towery 'n baie groter sonde is as alle ande sondes
- dat towery vir mense ongekende mag kan gee (vergelyk Moses, Daniël en Josef)
- dat mense wat in towery betrokke is, ons kan kwaad doen en 'n "spell" op ons plaas (Num 23:23 [23] Geen toordery rig iets uit teen Jakob nie, geen waarsêery iets teen Israel nie. Nou word daar oor Jakob, oor Israel gesê: ‘Wat het God nie alles gedoen nie!’)

Daarom:

- Ek dink dit is van die uiterste belang dat ons die fliek saam met hulle kyk,
- dat ons die inhoud daarvan gedurig bespreek
- maar dat ons op 'n mooi, liefdevolle en ingeligte manier hulle lei om te besef dat dit net 'n storie is.
  - Dat ek nie my probleme kan wegtoor nie, maar dat ek dit vir Jesus kan gee - Hy kan dit wegneem
  - Dat gebed baie meer waarde het as towerwoorde
  - Dat die Here wil hê ons moenie slegte dinge (soos 'n "spell") op mense plaas nie, maar ons moet hulle liefhê...
  - En dat die grootste skat wat 'n mens ooit in hierdie lewe kan vind nie die "Philosopher's stone" is nie maar die Evangelie.

Ten slotte:

- Ons leef in 'n sekulêre wêreld.
- Die meeste boeke word vanuit 'n sekulêre oogpunt geskryf.
- Die meeste flieks word vanuit 'n sekulêre oogpunt gemaak.
- Daar is basies twee opsies:

- 'n mens kan alles wat sekulêr is vermy en jou kinders daarvan weghou.
- Of jy kan die goeie uit elke sekulêre sitasie haal, en die nodige korreksies aanbring.
- Daniël moes byvoorbeeld (in die sekulêre wêreld waarin hy geleef het) tevrede wees om bekend te staan as die "hoof van die towenaars"
- Die verskil was dat hy hom nie besig gehou het met toorkunsies nie, maar in die Here se Naam het hy kragtige dinge gedoen.

## Ander tekste:

Hand 13:[4] So is Barnabas en Saulus deur die Heilige Gees uitgestuur. Hulle het na Seleukië toe gegaan en daarvandaan na Siprus toe oorgevaar [5] en in Salamis aangekom. Daar het hulle die woord van God in die Joodse sinagoges verkondig. Hulle het Johannes by hulle gehad om hulle te help. [6] Daarna het hulle die hele eiland deurgegaan tot by Pafos, waar hulle'n Joodse towenaar met die naam Barjesus teëgekom het, wat voorgegee het dat hy 'n profeet is. [7] Hy was by die goewerneur, Sergius Paulus, wat 'n verstandige man was. Die goewerneur het vir Barnabas en Saulus laat roep, want hy wou graag die woord van God hoor. [8] Die towenaar, Elimas, soos hy in Grieks genoem is, het hulle egter teëgestaan omdat hy wou verhoed dat die goewerneur in Jesus glo. [9] Maar Saulus, dit is Paulus, vol van die Heilige Gees, het hom skerp aangekyk [10] en gesê: "Duiwelskind! Deurtrapte skelm en bedrieër! Vyand van alles wat reg is! Sal jy ophou om in die pad van die Here te staan!